

Wat is jou reaksie op Hom wat optree met gesag?

Jesus tree op met gesag. Sy onderrig in die sinagoge van Kapernaüm maak die mense verslae, want anders as die onderrig van die skrifgeleerdes steun sy verklaring nie op die siening van die rabbynse outoriteite nie. Jesus leer die mense in eie gesag. Dis hierdie gesagvolle onderrig wat aangeval word deur die onrein gees in 'n man in die sinagoge. Die bese gees vrees vir sy eie verdelging en probeer om 'n wig in te dryf tussen Jesus en die inwoners van Kapernaüm. "Wat het *ons* met U te doen, Jesus, Nasarener?" Die onrein gees word egter met gesag verdryf. Jesus toon met die verlossing van die besete man dat Hy nie kom om te oordeel nie, maar om te verlos. Oordeel volg alleen as daar verwerping van Hom en verharding teen sy leer is.

Hy wat met gesag leer en met gesag optree teen die bese, is ook die Een wat met gesag genees. Petrus se skoonmoeder word genees van haar koors en is onmiddellik in staat om hulle te bedien. En wanneer die inwoners later die aand almal wat ongesteld is en met duiwels besete is na Hom bring, genees Hy hulle. Hy genees selfs 'n melaatse. Melaatsheid is nie alleen as 'n besmetting gesien nie, maar veral as tugtiging deur die Here omdat dit mens vervreem uit die gemeenskap en tot afsondering dwing. Daarom is daar vir 'n melaatse nie alleen genesing nodig nie, maar ook reiniging. Iets wat alleen God kan doen. Deur sy versoek erken hierdie man Jesus eindelik as die Een met goddelike gesag. En Jesus beaam dit want as Hy sy hand uitsteek en die melaatse aanraak is hy genees.

Buig jy jou neer voor sy goddelike gesag oor jou lewe, of bly jy soos die inwoners van Kapernaüm, net verwonderd en verslae oor dit wat Hy aan ander doen, sonder om self sy krag en genesing te ervaar?

Sing: Psalm 2:6

Ds BC Smit (Brits-Wes)